

# DIE BRIEF VAN JAKOBUS

## Inleiding

Oor die tyd van ontstaan van *Die Brief van Jakobus* is daar onsekerheid. Indien dit geskryf is deur Jakobus, die broer van Jesus, moes dit voor 62 nC ontstaan het. Sommige beskou *Jakobus* selfs as die oudste geskrif in die Nuwe Testament en dateer dit voor 50 nC. Ander geleerdes plaas hierdie brief heelwat later, te wete rondom die einde van die eerste eeu. Dit kon in Jerusalem of in Sirië geskryf gewees het.

Die skrywer identifiseer homself as Jakobus, 'n dienskneg van die Here Jesus Christus (1:1). Volgens oorlewering was hierdie Jakobus die broer van Jesus. Jakobus het as een van die “pilare” van die gemeente in Jerusalem bekend gestaan (Gal 2:9), en het later die leier van hierdie gemeente geword. Hy sterf 'n marteldood in 62 nC. Op grond van die besonder goeie Griekse taal en styl wat die brief vertoon, meen baie geleerdes dat die outeur nie Jesus se broer was nie, maar eerder 'n Joodse Christen wat dit op 'n later stadium geskryf het. Ander geleerdes meen egter dat dit nie ongewoon sou wees dat die broer van Jesus sulke goeie Grieks kon skryf nie. Buitendien was die outeur goed bekend met die onderrig van Jesus.

*Die Brief van Jakobus* word gerig aan die “twaalf stamme in verstrooiing” (1:1). Daarmee word verwys na volksgenote van die Jode wat om ekonomiese en politieke redes oor die destydse wêreld versprei was. Uit die brief blyk dit dat die meerderheid ontvangers minder gegoede Joodse Christene was, wat allerlei beproewings moes verduur en aan

uitbuiting blootgestel was (1:2-4,12; 2:6; vgl 5:4). Daar was egter ook enkele rykes by hulle betrokke (2:2; 5:1-6). Die ontvangers openbaar geestelike onvolwassenheid, deurdat hulle beïndruk word deur die teenwoordigheid van die rykes (2:1-7) en aanmoediging nodig het om hulle geloof in daade sigbaar te maak (2:14-26).

*Jakobus* is waarskynlik bedoel as 'n algemene omsendskrywe. Dit het die eienskappe van 'n leerrede, wat die lesers of hoorders aan die hand van verskeie sake uit die gewone lewe wil help om hulle Christenskap prakties uit te leef. Hiervoor sluit die skrywer onder meer aan by Jesus se onderrig in die bergrede (Matt 5 — 7). Wat styl en inhoud betref, kom *Jakobus* sterk ooreen met die Joodse wysheidsliteratuur. Die skrywer se beklemtoning van geloofsdade is bedoel as regstelling van 'n lewenshouding wat nalaat om Christenskap prakties uit te leef.

Die boek kan soos volg ingedeel word:

- 1:1 Brieffaanhef
- 1:2-8 Geloof en wysheid
- 1:9-11 Ryk en arm
- 1:12-15 Beproewing en versoeking
- 1:16-18 Goeie gawes van God
- 1:19-27 Om te hoor en te doen
- 2:1-13 Beoordeling volgens uiterlike
- 2:14-26 Geloof en daade
- 3:1-13 Beheersing van die tong
- 3:14-18 Hemelse en aardse wysheid
- 4:1-10 Onmin binne die gemeenskap
- 4:11-12 Respek vir mekaar
- 4:13-17 Afhanklikheid van God

5:1-6 Waarskuwing aan rykes

5:7-11 Waarde van geduld

5:12-14 Aflê van 'n eed

5:15-20 Gelowige gebed

## 1

<sup>1</sup> Jakobus, 'n dienskneg van God en die Here Jesus •Christus, aan<sup>a</sup> die twaalf stamme in die Diaspora.<sup>b\*</sup>

Gegroet!

### Geloof en wysheid

<sup>2\*</sup> Beskou dit as 'n groot vreugde, my broers,<sup>c</sup> wanneer allerhande versoekings<sup>d</sup> julle oorval, <sup>3</sup> omdat julle weet dat as julle geloof getoets word,\* dit volharding meebring. <sup>4</sup> Maar julle volharding moet tot volledige ontwikkeling kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in geen opsig tekort skiet nie.

<sup>5\*</sup> As enigiemand van julle wysheid kortkom, laat hy dit vra van God, wat aan almal gee sonder voorbehoud en sonder verwyf, en dit sal aan hom gegee word. <sup>6</sup> Maar hy moet in die geloof vra, sonder om enigsins te twyfel,\* want wie twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind

---

<sup>a</sup>**1:1 aan:** In die formele briefstyl soos deur die skrywer gebruik, ontbreek die werkwoord wat in die gedagte aangevul moet word, naamlik “skryf” aan.

<sup>b</sup>**1:1 Diaspora:** Beteken ‘verstrooiing’. Dit is die term waarmee Jode verwys het na hulle volksgenote wat oor baie lande buite Palestina “verstrooi” was.

<sup>\*</sup>**1:1 aan ... Diaspora:** Hand 15:23; 1 Pet 1:1

<sup>\*</sup>**1:2** Rom 5:3-5; 1 Pet 1:6

<sup>c</sup>**1:2 broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

<sup>d</sup>**1:2 versoekings:** Kan ook vertaal word “beproeulings”.

<sup>\*</sup>**1:3 as julle ... word:** 1 Pet 1:7

<sup>\*</sup>**1:5** Spr 2:3-6

<sup>\*</sup>**1:6 Maar hy ... te twyfel:** Matt 7:7; Mark 11:24

rondgeruk en voortgesleep word. <sup>7</sup> Want so 'n mens moenie dink dat hy enigiets van die Here sal ontvang nie. <sup>8</sup> Hy is 'n dubbelhartige mens, onstandvastig in alles wat hy doen.

### **Ryk en arm**

<sup>9</sup> Laat die broer wat gering is, hom op sy hoë aansien beroem <sup>10</sup> en die ryke in sy geringheid, want soos 'n veldblom sal hy vergaan. <sup>11</sup> Want die son met sy hitte kom op en verdor die veld en die blom val af en sy skoonheid gaan tot niet. \* Net so sal die ryke verwelk in alles wat hy doen.

### **Beproewing en versoeking**

<sup>12</sup> Gelukkig is die man wat versoeking deurstaan, want as hy die toets slaag, sal hy die oorwinningskrans van die lewe ontvang\* wat God beloof het aan hulle wat Hom liefhet. <sup>13</sup> Laat niemand wat versoek word, sê: “Ek word deur God versoek”\* nie, want God kan nie deur kwaad versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie. <sup>14</sup> Elkeen word versoek wanneer hy deur sy eie begeerte meegevoer en verlei word. <sup>15</sup> Dan, wanneer die begeerte bevrug is, gee dit geboorte aan die sonde en wanneer die sonde volgroeï is, gee dit geboorte aan die dood.

### **Goeie gawes van God**

<sup>16</sup> Moenie mislei word nie, my geliefde broers.<sup>e</sup> <sup>17</sup> Elke goeie geskenk en elke volmaakte gawe kom van bo af, van die Vader\* van die hemelligte

---

\* **1:10-11 soos 'n ... niet:** Ps 102:5,12; Jes 40:6-7; 1 Pet 1:24

\* **1:12 oorwinningskrans ... ontvang:** 1 Kor 9:25; 2 Tim 4:8; 1 Pet 5:4; Op 2:10

\* **1:13 Laat ... God versoek:** Sir 15:11-13

<sup>e</sup>**1:16 broers:** Vgl voetnoot in Jak 1:2.

\* **1:17 Elke goeie ... Vader:** Matt 7:11

by wie daar geen afwyking of skadu van verandering is nie. <sup>18</sup> Volgens sy wil het Hy ons verwek\* deur die woord van die waarheid\* sodat ons 'n eersteling<sup>f</sup> van sy skepsels kan wees.

### Om te hoor en te doen

<sup>19</sup> Let op, my geliefde broers,<sup>g</sup> elke mens moet flink wees om te luister, stadig om te praat,\* stadig om kwaad te word.\* <sup>20</sup> Want die woede van 'n mens bewerk nie •geregtigheid voor God nie. <sup>21</sup> Doen daarom in sagmoedigheid afstand van alle morele besoedeling en die kwaad wat gedy,\* en ontvang die woord wat in julle geplant is en daartoe in staat is om julle •siele te verlos. <sup>22</sup> Wees doeners van die woord en nie slegs hoorders\* wat julleself mislei nie. <sup>23</sup> Want wie 'n hoorder van die woord is en nie 'n doener nie, is soos iemand wat sy eie gesig in 'n spieël sien.\* <sup>24</sup> Hy sien homself, gaan weg en vergeet onmiddellik hoe hy gelyk het. <sup>25</sup> Maar wie diep in die volmaakte wet van vryheid\* inkyk en daaraan hou, sal gelukkig wees in wat hy doen,\* omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n doener. <sup>26</sup> As iemand dink dat hy godsdienstig is

---

\*1:18 Volgens ... verwek: Joh 1:13

\*1:18 verwek ... waarheid: 1 Pet 1:23

<sup>f</sup>1:18 eersteling: Dui op die eerste vrug of oes waarop die volle oes sal volg. Diegene wat aan Christus behoort, word ook as “•eersteling” of “eerste vrug” beskryf; vgl Op 14:4.

<sup>g</sup>1:19 broers: Vgl voetnoot in Jak 1:2.

\*1:19 elke ... praat: Sir 5:11

\*1:19 stadig om kwaad te word: Pred 7:9

\*1:21 Doen ... gedy: Kol 3:8; 1 Pet 2:1

\*1:22 Wees ... hoorders: Matt 7:26; Rom 2:13

\*1:23 is soos ... sien: 1 Kor 13:12

\*1:25 volmaakte ... vryheid: Rom 8:2; Gal 6:2; Jak 2:12; 1 Pet 2:16

\*1:25 sal ... doen: Joh 13:17

en nie sy tong kan beheer nie,\* mislei hy homself; so 'n mens se godsdiens is vergeefs. <sup>27</sup> Dít is suiwer en onbesmette godsdiens voor ons God en Vader: om na weeskinders en weduwees om te sien in hulle ellende en jouself onbesmet van die wêreld te hou.

## 2

### Beoordeling volgens uiterlike

<sup>1</sup> My broers,<sup>h</sup> julle geloof in ons Here Jesus •Christus, die Here van die heerlijkheid, moet so wees dat julle nie iemand na die uiterlike beoordeel nie.\* <sup>2</sup> As daar 'n man met goue ringe en pragtige klere by julle samekoms aankom en daar kom ook 'n arm man met vuil klere aan,<sup>3</sup> en julle kyk na die een met die pragtige klere en sê: “Sit jy hier op 'n goeie plek,” en vir die arm man sê julle: “Staan jy daar!” of: “Sit hier onder by my voetbank!” <sup>4</sup> het julle dan nie onder mekaar onderskeid gemaak en regters met slegte oorwegings geword nie?

<sup>5</sup> Luister, my geliefde broers, het God nie die armes in die wêreld gekies\* om ryk in die geloof te wees nie? En om erfgename te wees van die koninkryk wat Hy beloof het aan hulle wat Hom liefhet nie? <sup>6</sup> Maar julle het die arme oneer aangedoen. Is dit dan nie die rykes wat julle uitbuit, en is dit nie hulle wat julle voor die gereg sleep nie? <sup>7</sup> Is dit nie hulle wat die goeie Naam belaster wat oor julle uitgeroep is nie? <sup>8</sup> As julle wel die koninklike wet vervul volgens die Skrif: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself,”\* doen julle goed. <sup>9</sup>\* As julle egter mense volgens

---

\*1:26 nie ... beheer nie: Ps 34:14; 39:2; 141:3

<sup>h</sup>2:1 broers: Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

\*2:1 moet so ... beoordeel nie: Job 34:19; Hand 10:34; Jak 2:9

\*2:5 het God ... gekies: 1 Kor 1:26-28

\*2:8 Jy ... jouself: Lev 19:18; Matt 19:19; 22:39; Mark 12:31; Luk 10:27; Rom 13:9; Gal 5:14

\*2:9 Deut 1:17

hulle uiterlike beoordeel, doen julle sonde en word julle deur die wet as oortreders aan die kaak gestel. <sup>10</sup> Want wie die hele wet probeer onderhou, maar een wet oortree,\* is aan almal skuldig. <sup>11</sup> Want Hy wat gesê het: “Jy mag nie egbreuk pleeg nie,”\* het ook gesê: “Jy mag nie moord pleeg nie.”\* As jy dus nie egbreuk pleeg nie, maar wel moord pleeg, is jy 'n oortreder van die wet. <sup>12</sup> Praat so en tree so op asof julle deur die wet van vryheid\* geoordeel gaan word. <sup>13</sup> Want die oordeel is genadeloos oor hom wat nie deernis betoon nie.\* Deernis triomfeer oor die oordeel.

### Geloof en dade

<sup>14</sup> Wat baat dit, my broers,<sup>i</sup> as iemand sê dat hy geloof het, maar hy het nie dade nie?\* Dié geloof kan hom tog nie verlos nie? <sup>15</sup> As 'n broer of 'n suster sonder klere en daaglikse kos is, <sup>16</sup> en een van julle sê vir hulle: “Gaan in vrede, word warm en word versadig,” maar julle gee nie vir hulle wat die liggaam nodig het nie, wat help dit? <sup>17</sup>\* So is geloof alleen, as dit nie op dade uitloop nie, dood.

<sup>18</sup> Maar as iemand sê: “Jy het geloof en ek het dade,” wys dan vir my jou geloof sonder dade en ek sal jou uit my dade my geloof wys. <sup>19</sup> Glo jy

---

\*2:10 maar ... oortree: Matt 5:19

\*2:11 Jy mag nie egbreuk pleeg nie: Eks 20:14; Deut 5:18; Matt 5:27; 19:18; Mark 10:19; Luk 18:20; Rom 13:9

\*2:11 Jy mag nie moord pleeg nie: Eks 20:13; Deut 5:17; Matt 5:21; Mark 10:19; Luk 18:20; Rom 13:9

\*2:12 wet van vryheid: Rom 8:2; Gal 6:2; Jak 1:25; 1 Pet 2:16

\*2:13 Want ... betoon nie: Matt 5:7; 18:32-35

<sup>i</sup>2:14 broers: Vgl voetnoot in Jak 2:1.

\*2:14 Wat ... dade nie: Matt 7:21

\*2:17 Jak 2:20,26

dat God Een is? Goed so. Ook die demone glo\* dit en hulle bewe. <sup>20</sup> Wil jy weet, o nietige mens, dat geloof sonder daade nutteloos is? <sup>21</sup> Is Abraham, ons vader, nie op grond van sy daade regverdig verklaar omdat hy sy seun Isak op die altaar geplaas het nie?\* <sup>22</sup> Kan jy sien dat die geloof meegewerk het met sy daade\* en dat vanuit die daade die geloof volkome geword het? <sup>23</sup> En die Skrif is vervul wat sê: “Abraham het God geglo, en God het sy geloof vir hom as regverdiging<sup>j</sup> gereken,\* en hy is 'n vriend van God genoem.\*” <sup>24</sup> Julle sien dus dat 'n mens op grond van daade regverdig verklaar word en nie deur geloof alleen nie. <sup>25</sup> \*Is Ragab, die prostituut, nie ook net so op grond van daade regverdig verklaar toe sy die boodskappers gasvry ontvang en met 'n ander pad weggestuur het nie? <sup>26</sup> \*Want net soos die liggaam sonder asem dood is, só is die geloof sonder daade dood.

### 3

#### Beheersing van die tong

<sup>1</sup> Moenie almal leermeesters wil wees nie, my broers,<sup>k</sup> omdat julle weet dat ons strenger geoordeel sal word. <sup>2</sup> Almal van ons struikel tog dikwels. As iemand nie met woorde struikel nie, is hy 'n volmaakte man en ook daartoe in staat om sy hele liggaam in toom te hou. <sup>3</sup> Ons sit

---

\*2:19 die demone glo: Matt 8:29; Mark 1:24; 5:7; Luk 4:34

\*2:21 omdat ... het nie: Gen 22:9,12

\*2:22 die geloof ... daade: Heb 11:17

<sup>j</sup>2:23 regverdiging: Kan ook vertaal word “vryspraak”.

\*2:23 Abraham ... gereken: Gen 15:6; Rom 4:3,9,22; Gal 3:6

\*2:23 hy ... genoem: 2 Kron 20:7; Jes 41:8; 51:2; Dan 3:35 •Septuagint

\*2:25 Jos 2:4,15; 6:17; Heb 11:31

\*2:26 Jak 2:17,20

<sup>k</sup>3:1 broers: Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.



stange in perde se bekke sodat hulle ons gehoorsaam en daarmee stuur ons hulle hele liggaam. <sup>4</sup> Kyk, selfs skepe, hoewel hulle so groot is en deur hewige winde aangedryf word, word met 'n baie klein roer gestuur na waar die stuurman wil. <sup>5</sup> So is die tong ook 'n klein ledemaat wat op groot dinge roem. Kyk watter klein vuurtjie steek 'n groot hoop hout aan die brand! <sup>6</sup> Die tong is ook 'n vuur, 'n wêreld van ongeregtheid. Die tong is deel van ons ledemate, maar besoedel die hele liggaam.\* Dit steek die hele lewensloop aan die brand en word uit Gehenna<sup>1</sup> aangesteek. <sup>7</sup> Want elke soort wilde dier en voël en kruipende dier en seedier word en is getem deur die mensdom. <sup>8</sup> Maar geen mens kan die tong tem nie; dit is 'n onbestendige kwaad, vol dodelike gif.\* <sup>9</sup> Daarmee loof ons die Here en Vader, en daarmee vervloek ons mense wat na die beeld van God geskep is.\* <sup>10</sup> Uit dieselfde mond kom seën en vervloeking. Dit, my broers, behoort nie so te wees nie. <sup>11</sup> 'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars én bitter water uitborrel nie? <sup>12</sup> 'n Vyeboom, my broers, kan tog nie olywe dra of 'n druiwestok vye nie? 'n Brak fontein kan ook nie soet water gee nie.

### Hemelse en aardse wysheid

<sup>13</sup> Wie onder julle is wys en verstandig? Laat hy deur goeie gedrag sy dade met sagmoedige wysheid toon. <sup>14</sup> Maar as daar bittere afguns en selfsug in julle harte is, moet julle dan nie op wysheid beroem en teen die waarheid lieg nie. <sup>15</sup> Dít is nie die wysheid wat van bó kom nie,\*

---

\***3:6 besoedel ... liggaam:** Matt 12:36-37; 15:11,18-19

<sup>1</sup>**3:6 Gehenna:** 'n Vergriekste vorm van die Hebreeuse uitdrukking *ge hinnom*, wat verwys na die Hinnomdal, wat volgens Jer 7:31-32; 19:6-7 'n plek van straf sou word. Word ook as “hel” vertaal.

\***3:8 vol ... gif:** Ps 140:4; Rom 3:13

\***3:9 mense ... geskep is:** Gen 1:26-27; 1 Kor 11:7

\***3:15 die wysheid ... nie:** Jak 1:5,17

maar aards, nie-geestelik en demonies. <sup>16</sup> Want waar afguns en selfsug heers, kom wanorde en allerlei gemene dade voor. <sup>17</sup> Maar die wysheid van bó is in die eerste plek suiwer, en verder ook vredeliewend, bedagsaam, inskiklik, vol deernis en goeie vrugte, onpartydig en ongeveerins. <sup>18</sup> En die vrug van •geregtigheid word in vrede gesaai\* vir hulle wat vrede maak.\*

## 4

### Onmin binne die gemeenskap

<sup>1</sup> \*Waar kom al die oorloë en gevegte onder julle vandaan? Kom dit nie van julle begeertes wat in julle ledemate oorlog voer nie? <sup>2</sup> Julle begeer, maar julle besit niks nie; julle pleeg moord en is vol jaloesie en julle kan niks bereik nie. Julle veg en maak oorlog, en tog het julle niks, omdat julle nie bid nie. <sup>3</sup> Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle op die verkeerde manier vra, sodat julle dit in julle wellus kan deurbring. <sup>4</sup> Egbrekers! Weet julle dan nie dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen God beteken nie? Wie ook al 'n vriend van die wêreld wil wees, maak homself 'n vyand van God.\* <sup>5</sup> Of dink julle dat die Skrif verniet sê dat God hunker met besitlikheid na die Gees wat Hy in ons laat woon het?<sup>m</sup> <sup>6</sup> Maar Hy gee groter genade; daarom sê Hy: “God staan die hoogmoediges teen, maar aan die nederiges gee Hy genade.”\*

---

\***3:18 vrug ... gesaai:** Jes 32:17; Heb 12:11

\***3:18 vir hulle ... maak:** Matt 5:9

\***4:1** Rom 7:23; 1 Pet 2:11

\***4:4 vriendskap met ... van God:** Rom 8:7; 1 Joh 2:15

<sup>m</sup>**4:5 dat God ... woon het:** Word ook vertaal “God hunker met besitlikheid/jaloesie na die gees wat Hy in ons laat woon het” of “die Gees/gees wat Hy in ons laat woon het, hunker met besitlikheid/jaloesie”; vgl Eks 20:5.

\***4:6 God ... genade:** Spr 3:34 •Septuagint; Matt 23:12; 1 Pet 5:5

<sup>7</sup> Onderwerp julle dus aan God. Weerstaan die Duiwel,\* dan sal hy van julle wegvlug. <sup>8</sup> Nader tot God, dan sal Hy tot julle nader.\* Reinig julle hande, sondaars,\* en suiwer julle harte, dubbelhartiges. <sup>9</sup> Weeklaag en treur en huil. Laat julle lag in droefheid verander en julle blydschap in somberheid. <sup>10</sup> \*Verneder julle voor die Here, dan sal Hy julle verhoog.

### **Respek vir mekaar**

<sup>11</sup> Moenie van mekaar kwaad praat nie, broers.<sup>n</sup> Wie kwaad praat van sy broer of oor sy broer oordeel, praat ook kwaad van die wet en oordeel die wet. As jy die wet oordeel, is jy nie 'n doener van die wet nie, maar 'n regter. <sup>12</sup> Daar is net een Wetgewer en Regter, Hy wat in staat is om te verlos en te vernietig. Maar jy, wie is jy om jou naaste te oordeel?\*

### **Afhanklikheid van God**

<sup>13</sup> Kom nou, julle wat sê: “Vandag of môre sal ons na hierdie of daardie stad<sup>o</sup> gaan en 'n jaar daar deurbring en handel dryf en wins maak.”  
<sup>14</sup> Julle weet nie eers wat môre gaan gebeur nie. Hoe is julle lewe dan? Dit is maar 'n miswolkie wat net vir 'n kort rukkie verskyn en dan weer verdwyn. <sup>15</sup> Julle moet eerder sê: “As die Here wil en ons nog leef, sal ons dit of dat doen.”\* <sup>16</sup> Maar nou spog julle oor julle hoogmoedige

---

\* **4:7 Weerstaan die Duiwel:** Ef 6:12; 1 Pet 5:8-9

\* **4:8 Nader tot ... julle nader:** Sag 1:3; Mal 3:7

\* **4:8 Reinig ... sondaars:** Jes 1:16

\* **4:10** Job 5:11; 1 Pet 5:6

<sup>n</sup>**4:11 broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

\* **4:12 Maar ... oordeel:** Rom 2:1; 14:4

<sup>o</sup>**4:13 stad:** Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

\* **4:13-14 Kom nou ... lewe dan:** Spr 27:1; Luk 12:18-20

\* **4:15 As die ... doen:** Hand 18:21

optrede. Sulke gespog is verkeerd. <sup>17</sup>\* As iemand weet om die goeie te doen en dit nie doen nie, is dit vir hom sonde.

## 5

### Waarskuwing aan rykes

<sup>1</sup>\* Kom nou, julle rykes, huil en weeklaag oor die rampe wat julle gaan tref. <sup>2</sup>\* Julle rykdom het vergaan,<sup>p</sup> en julle klere is motgevreet. <sup>3</sup> Julle goud en silwer is verroes, en die roes sal teen julle getuig en julle liggame soos vuur verteer.\* Julle het in die laaste dae skatte vergader. <sup>4</sup> Kyk, die loon wat julle weerhou het van die arbeiders wat julle lande geoes het, roep dit uit,\* en die geroep van diegene wat oes, het die ore van die HERE, Heerser oor alle magte, bereik.\* <sup>5</sup> Julle het op aarde weelderig en losbandig gelewe. Julle het julle harte vet gevoer vir die slagdag.\* <sup>6</sup> Julle het die •regverdige veroordeel en vermoor; hy kan hom nie teen julle verweer nie.

### Waarde van geduld

<sup>7</sup> Wees geduldig, broers,<sup>q</sup> tot met die wederkoms van die Here. Kyk, die landbouer wag met geduld op die waardevolle opbrengs van die aarde tot die vroeë en laat reën\* geval het. <sup>8</sup> Wees dan geduldig, staal julle

---

\* 4:17 Luk 12:47

\* 5:1 Luk 6:24

\* 5:2 Matt 6:19

<sup>p</sup>5:2 vergaan: Letterlik 'verrot'.

\* 5:3 julle liggame ... verteer: Ps 21:10; Judit 16:17

\* 5:4 loon ... uit: Lev 19:13; Deut 24:14-15; Mal 3:5

\* 5:4 die geroep ... bereik: Gen 4:10; Ps 18:7; Jes 5:9

\* 5:5 slagdag: Jer 12:3; 25:34

<sup>q</sup>5:7 broers: Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

\* 5:7 vroeë ... reën: Deut 11:14; Jer 5:24; Joël 2:23

harte, want die wederkoms van die Here is naby.\* <sup>9</sup> Moenie oor mekaar kla nie, broers, sodat julle nie geoordeel word nie. Kyk, die Regter staan voor die deur.\*

<sup>10</sup> Neem as voorbeeld van lyding en geduld, broers, die profete wat in die Naam van die Here gepraat het. <sup>11</sup> Kyk, ons beskou hulle wat volhard as gelukkig.\* Julle het gehoor van Job se volharding, en julle het die Here se einddoel met hom gesien, en dat die Here vol medelye en ontferming is.\*

### Aflê van 'n eed

<sup>12</sup> \*Bo alles, my broers,<sup>r</sup> moenie sweer nie, nie by die hemel nie en nie by die aarde nie, en moet ook geen ander eed aflê nie. Maar laat julle “ja” 'n “ja” wees en julle “nee” 'n “nee”, sodat die oordeel julle nie tref nie.

### Gelowige gebed

<sup>13</sup> As iemand van julle swaarkry, moet hy bid. As iemand opgeruimd is, moet hy psalms sing. <sup>14</sup> As iemand van julle siek is,<sup>s</sup> moet hy die ouderlinge van die •gemeente roep sodat hulle vir hom kan bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olyfolie gesalf<sup>t</sup> het.

---

\* **5:8 die wederkoms ... naby:** Rom 13:11-12; Heb 10:25; 1 Pet 4:7

\* **5:9 die Regter ... deur:** Matt 24:33

\* **5:11 ons ... gelukkig:** Dan 12:12

\* **5:11 die Here vol ... is:** Eks 34:6; Ps 103:8; 111:4

\* **5:12** Matt 5:34-37

<sup>r</sup>**5:12 broers:** Vgl voetnoot in Jak 5:7.

<sup>s</sup>**5:14 siek is:** Kan ook verwys na iemand wat geestelik verswak is; vgl vs 15.

<sup>t</sup>**5:14 met ... gesalf:** Volgens destydse opvatting was olyfolie 'n geneesmiddel. Die salwing met olyfolie moes dien as teken van die sekerheid van die genesing; vgl Mark 6:13.

<sup>15</sup> Die gelowige gebed sal die sieke<sup>u</sup> gesond laat word,<sup>v\*</sup> en die Here sal hom weer oprig. En as hy sonde gedoen het, sal hy vergewe word.

<sup>16</sup> Bely dan julle sondes teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die gebed van 'n •regverdige is baie kragtig in sy uitwerking. <sup>17</sup> \*Elia was 'n mens net soos ons en hy het vurig gebid dat dit nie moet reën nie, en dit het drie jaar en ses maande lank nie op die aarde gereën nie. <sup>18</sup> \*Toe het hy weer gebid, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy vrug opgelewer.

<sup>19</sup> My broers,<sup>w</sup> as enigeen van julle afdwaal van die waarheid en iemand hom laat terugdraai, <sup>20</sup> moet hy weet dat wie 'n sondaar van sy dwaalweg laat terugdraai, sy siel<sup>x</sup> uit die dood sal red en 'n menigte sondes sal bedek.\*

---

<sup>u</sup>**5:15 sieke:** Kan verwys na 'n geestelik verswakke.

<sup>v</sup>**5:15 gesond laat word:** Kan ook vertaal word “sal red”.

\***5:15 Die gelowige ... laat word:** Matt 16:18

\***5:17** 1 Kon 17:1; Luk 4:25

\***5:18** 1 Kon 18:42-45

<sup>w</sup>**5:19 broers:** Vgl voetnoot in Jak 5:7.

<sup>x</sup>**5:20 siel:** Die mens se bewuste, innerlike lewenskern wat voortbestaan na sy dood.

\***5:20 'n menigte ... bedek:** Spr 10:12; 1 Pet 4:8